# DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA NA HONDERD VYF EN TWINTIG JAAR

*Prof. J. H. van Wyk*

Wanneer ons besin oor KERK EN REFORMASIE en dan spesifiek verwys na die 125-jarige fees van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA), staan 'n mens tog ietwat verleë met die 125 jaar. Die Gereformeerde kerke het immers nie in die negentiende eeu begin nie maar wel in die sestiende eeu. En selfs ook nie dán eers nie maar wel met Pinkster. Ons Kategismus gaan selfs nog verder terug en verwys daarna dat die kerk bestaan van "die begin van die wêreld" af (HK 21 : 54). Ons kan selfs in die ewigheid, by die uitverkiesing, begin! Besonder opvallend is dan ook dat die Kategismus (12 : 32) nie vra: "Waarom word jy *gereformeerd* genoem?" nie maar: "Waarom word jy 'n *Christen* genoem?" *Christen* is my eintlike naam, het iemand opgemerk, en *gereformeerd* is my bynaam (1).

Ons staan ook voor die opvallende feit dat die GKSA jaarliks net één Hervormingsdag vier en wel op 31 Oktober (- 1517) en nie ook 'n tweede en wel op 11 Februarie (- 1859) nie. Waarom dan net een en nie twee feeste nie?

Ek gee kortliks aandag aan vier aspekte: ons erfenis, ons bydrae, ons bedreiginge en ons roeping.

## 1. *ONS ERFENIS*

Indien ons oor ons erfenis praat, is dit heeltemal onvoldoende en ook kortsigtig om net oor 1859 te handel. 1859 staan nie los van 1517 nie en dit ook weer nie van Pinkster nie. Dirk Postma, Luther en Calvyn en Pinkster vorm een lyn in die kerkgeskiedenis. Om dus te sê dat die GKSA net 125 jaar oud is, is teologies onhoudbaar. Ook óns kerkgeskiedenis het sy verste wortels in die kerk van die NT en dié in die kerk van die O.T.

### *1.1 Christelike kerk (die eerste eeu)*

Wat ons geërf het is, soos ons Belydenis sê, een heilige, algemene, Christelike kerk. Ons mag hierdie belydenis nooit vergeet nie, anders word ons Sondagse belydenis blote lippetaal. Ons is vóór alles *Christelike* kerk (2). Ons is volk van God, liggaam van Christus, bouwerk van die Heilige Gees. Daarom weeg die eenheid van die kerk, sy heiligheid en katolisiteit of ekumenisiteit, vir ons so swaar. Ons bely immers nie 'n onenige of onheilige of partikuliere kerk nie. Nog minder 'n onchristelike kerk. Ons is gereformeerd *Christelik.*

Ons moenie toelaat dat latere ontwikkelinge in die kerkgeskiedenis, uitsettinge en afskeidinge, ons perspektief op die kerk, die kerk van Christus, of *kerk van God,* soos die NT meesal die kerk noem, verduister nie. As die GKSA meer van sy gereformeerdheid as van sy Christelikheid — en Goddelikheid — dink, dan verander ons die karakter van die kerk en dan loop die dinge skeef. Ons gereformeerdheid mag niks anders wees nie as 'n besondere vergestalting van ons

Christelikheid, as u wil: 'n suiwere vorm daarvan. Ten minste is dit ons strewe. Ons kan dus nooit oor die kerk praat, ook nie oor die Gereformeerde Kerke nie, buite Christus om asof ons "gereformeerdheid" 'n eienskap is los van ons verbintenis met Christus om.

Die oorsprong van die Gereformeerde Kerke lê dus verder terug as 1859 en 1517. Dit gaan sover terug as die NT, as die Skrif self. Is Augustinus dan nie ook 'n kerkvader van die Gereformeerde Kerke nie?

### *1.2 Reformatoriese kerk (die 16de eeu)*

Natuurlik gaan die oorsprong van die Gereformeerde Kerke ook terug op die sestiende eeu. Dit sluit aan by die groot kerkreformasie van Luther en Calvyn. Sedert hierdie tyd word die naam "reformatories" of "gereformeerd" ("hervormd") juis met die kerk verbind. 1859 moet dus ook nie van 1517 losgemaak word nie. Ons reformatoriese erfenis is ook vandag nog van bepalende betekenis. Ook dít mag ons nie vergeet wanneer ons oor die GKSA en sy "ontstaan" praat nie.

Die vraag is nou wat ons van die Reformasie van die sestiende eeu geërf het. Hierdie vraag kan natuurlik baie maklik beantwoord word deur te verwys na die vyf bekende sola's: *sola gratia* (net genade), *solo Christo* (net Christus), *sola fide* (net geloof), *soli Deo gloria* (net die eer van God) en *sola scriptura* (net die Skrif).

Elkeen wat iets van die Bybel weet, sal onmiddellik toegee dat hierdie vyf sake saamhang met die wese van die ganse Bybelboodskap en met die wese van kerk-wees. Genade, Christus, geloof, God, Skrif ... daarsonder kan die kerk eenvoudig nie bestaan nie. Dit is wésentlike dinge. Waar ook maar één hiervan aangetas word, word die fondament onder die kerk weggeneem. Dit laat onmiddellik die vraag ontstaan of ons nog 'n ope oog het vir hierdie kardinale sake en of ons dit nie dalk vervang het met "net Psalms", "slegs die beker en die tafel", "kollekte slegs buite die erediens", "net met 'n hoed", "net blankes" en noem maar op.

Die Reformasie van die sestiende eeu het die evangelie weer in sy reinheid ontdek: die mens word verlos slegs vanweë die genade van God en op grond van die verdienste van Christus, wat deur die geloof aanvaar word. *Alles* is hier genade: God gee die *Verlosser* én Hy gee die *geloof* om die Verlosser aan te neem én Hy gee die *werke* wat uit die geloof voortvloei. Hierdie "passiewe" verlossing maak die mens besonder aktief, só aktief dat hy in sy totale bestaan alles gaan doen tot die eer van God, dws in gehoorsaamheid aan die wil van God. Ek maak hier die sydelingse opmerking dat dit heeltemal foutief is, en ook lankal agterhaal, om te sê dat dit vir Luther om die verlossing van die mens gegaan het en vir Calvyn om die eer van God ([3]). Het Calvyn dan nie reeds gevra waar God se eer meer verhoog word as daar waar iemand tot bekering kom nie ([4])?

Van besondere belang is die gesigspunt van "net die Skrif". Hiermee is stelling ingeneem teen die "natuurlike teologie" van die humanisme en die "tradisionalistiese teologie" van Rome, albei wesentlike gevare vir die kerk van vandag. Hoe dikwels hoor ons byvoor-

beeld nie die argument dat die *natuur* ons leer dat diere nie vermeng nie en dáárom moet blankes en swartes ook nie meng nie. 'n Ander voorbeeld van natuurlike teologie (ten gunste van apartheid) is die volgende: die drie binnedrade van 'n elektriese kragdraad funksioneer slegs dan goed wanneer aldrie behoorlik geïsoleer is; wanneer hulle kontak maak, ontstaan 'n kortsluiting ([5])! In watter moeras van immoraliteite 'n natuurlike teologie (en etiek) 'n mens land beland, blyk al daaruit dat niemand die natuurlike etiek as normatief vir 'n *huweliks*-etiek sou gebruik nie want daarmee sou die monogame huwelik moet verdwyn (of ons moet na die swart kraai en volstruis verwys waar mannetjie en wyfie lewenslank saamleef!).

Dit is nie my bedoeling om hier op die politieke etiek as sodanig in te gaan nie. Dit gaan my hier daarom dat in hierdie argumentasie nie (net) na die *Skrif* gevra word nie maar ook na wat die *natuur* ons leer, los van die Skrif om. Dit is suiwer natuurlike teologie. 'n Voorbeeld van tradisionalistiese teologie vind ons in die argument dat ons nou al vir 100 jaar (soms word, maar foutiewelik, na 300 jaar verwys) aparte eredienste het en daarom moet ons so voortgaan. Ook hier is bepalend, nie wat die Skrif sê nie maar wat iets buite die Skrif sê, in hierdie geval die tradisie. Ons besef nie aldag hoe ongereformeerd sulke argumente is en hoe daar in elke gereformeerde hart dikwels 'n Roomse smet skuil nie. Ons as Gereformeerdes moet oppas, het iemand gesê, dat ons nie roomser as die Roomse word nie([6]).

Die bogenoemde vyf sola's van die Reformasie put natuurlik nie die volle erfenis van die Reformasie uit nie. Daarom moet ek kortliks nog verwys na twee ander belangrike erfenisse nl. *ecclesia reformata semper reformanda* (die gereformeerde kerk is altyd reformerende kerk) en *societas semper reformanda* (die maatskappy moet altyd reformeer). Eersgenoemde spreuk herinner ons daaraan dat die kerk van Christus nooit 'n gearriveerde houding mag inneem nie. Die kerk is nooit klaar met reformasie nie, eenvoudig omdat die sonde die kerk soos 'n skaduwee agtervolg. Ons bely immers die radikale en totale verdorwenheid *(corruptio totalis)* van die mens. Daarom is verandering nie 'n snaaksigheid in die kerk nie maar 'n normale verskynsel. 'n Kerk wat nie verander in die sin van telkens weer terugkeer na die Woord van God nie, word 'n versteende en vermenslikte kerk.

Met die voortdurende reformasie van die kerk gaan saam die voortdurende reformasie van die samelewing. Omdat die sonde ook in die samelewing werksaam is en vassit aan alles waarop die mens sy hand lê. daarom moet die lig van die Woord ook op die samelewing val. Alle terreine, van die politiek tot die ekonomie, die kuns en kultuur, die akademie en arbeid, kom onder die beligting en kritiek van die Woord. Daarom kan die samelewing, énige samelewing. nooit bly wat hy is nie, hy moét van tyd tot tyd verander en wel in die rigting van groter gehoorsaamheid aan die wil van God en groter diensbaarheid aan die koninkryk van God.

Wanneer ons aan die Reformasie van die sestiende eeu dink, sou ons natuurlik ook na die drie kenmerke van die ware kerk kon ver-

wys nl. die suiwere prediking van die evangelie, die suiwere bediening van die sakramente en die gebruik van die kerklike tug. Eintlik het ek alreeds implisiet hierna verwys toe oor "net die Skrif" gehandel is. Calvyn sê bv. by geleentheid dat die kerk eintlik net één kernmerk het en dit is die Woord (7) en inderdaad vat dit alles saam. Maar nou is dit opvallend dat Calvyn dan byvoeg dat dit nie net gaan oor die suiwere bediéning van die Woord nie maar ook oor die suiwere *aanhoor en uitlewing* van die Woord(8). Wat is trouens die waarde van 'n kerk waar net suiwer gepreek word maar die Woord word nie deur die gelowiges in hulle daaglikse lewe uitgeleef nie? Dit is ook opvallend dat talle van die OTe profete die volk van God nie net vermaan het omdat hulle so goddeloos (sonder God) geleef het nie, maar veral omdat hulle so onmenslik teenoor hulle naaste opgetree het.

Ek noem hierdie groot dinge eksplisiet omdat ek soms die onbehaaglike gevoel kry dat vir baie Gereformeerde lidmate hulle gereformeerdheid afhang van dinge soos: ons sing nie Gesange nie; ons gebruik nie kelkies nie; ons plaas nie blomme in die kerkgebou nie; ons laat nie kore in die erediens toe nie; ons hou nie bidure nie; ons gebruik nie oop kollektebordjies nie; ons maak nie gebruik van kersbome nie ens. Waarmee nie beweer is dat sommige van hierdie sake inderdaad ter sake is nie, maar is dit *fundamentele* dinge?

Maar wat was ons erfenis van 1859?

### *1.3 Gereformeerde kerk (die 19de eeu)*

Ek sou hier graag die aandag op twee sake wou vestig nl. op die *kerkleer* en op die *kerkregering* (9). In beide gaan dit om die God van die Woord en die Woord van God. Talle kerkhistorici het aangetoon hoedat daar in die vorige eeu allerlei dwaalleer in die kerke in SA ingesluip het en hoedat daar langsamerhand verset hierteen ontstaan het (10). Ook die hele Gesangestryd was wesentlik 'n dogmatiese en nie 'n liturgiese stryd nie. Die stryd het nie soseer gegaan oor die vraag of vrye liedere in die erediens gesing mag word al dan nie — dán was die Gesangestryd inderdaad 'n liturgiese stryd — maar oor die vraag (die feit!) of die vrye liedere regsinnig of onregsinnig was — en daarom was dit 'n dogmatiese stryd. Dit is dus volkome onwetenskaplik om veralgemenend te sê dat die Doppers "oor die Gesange" afgeskei het (11). Hierdie "verhaaltjie" kan dus gerus maar gelaat word (12). Dit is bekend dat die "kerklike seremonies" vir Calvyn tot die middelmatige dinge behoort het waarby verdraagsaamheid beoefen moet word (13). So ook was Dirk Postma hoegenaamd nie gekant teen die sing van vrye liedere in 'n erediens as sodanig nie (14), maar sy verset het daaruit gespruit dat die Evangeliese Gesange van 1814 onskriftuurlike en dus dwaalleringe bevat het. Al was "Skrifberyminge" vir hom die veiligste pad, sou hy nie 'n kerk wat vrye gesange sing veroordeel nie, solank daardie gesange regsinnig is en in vrede gesing word. As ons let op hoeveel revisies die Gesangbundel van 1814 ondergaan het, dan meen ek dat daarmee die Doppers prinsipieel gelyk gegee is en dat hulle verset nie teen niks gemik was nie. Laat ons terselfdertyd die NGK en die NHKA ook

dankbaar wees vir hierdie talle revisies en daarin ook iets sien van die bereidheid tot voortdurende reformasie. Ek meen ook dat die nuwe Gesangbundel van 1978 teologies en poëties van veel beter gehalte is as die van 1814 en selfs Skrifberyminge bevat waarmee die GKSA wins kan doen.

Ek voeg by dat indien iemand sou meen dat dit hier eerder om liturgiek as dogmatiek gaan, dan staan ons veroordeel in die lig van ons eie kerklike praktyk waar in die jong Gereformeerde kerke sonder besware van vrye liedere in die erediens gebruik gemaak word. (Maar is al dáárdie liedere teologies verantwoord?).

'n Tweede erfenis van 1859 raak die kerkregering: Die kerk word net deur Christus regeer en wel deur sy Woord en Gees. Nie die predikant nie, nie die kerkraad nie, en ook nie die sinode nie het die laaste sê. Hulle is almal instrumenteel. Hulle staan in diens van *Christus* en kom dus nie met eie gesag nie. Juis dít was die fout wat die ringe en sinodes van die NGK en NHK in die vorige eeu gemaak het. Hulle wou die Doppers — seker ook maar hardekoppe — met uiterlike sinodale gesag dwing om die Gesange te sing en dit sonder 'n behoorlike toets of die Gesange Skriftuurlik was al dan nie. Dit spreek vanself dat indien 'n sinode van iemand verwag om aan die sinode gehoorsaam te wees, bloot omdat die *sinode* dit sê, dat hy dan sy grense oorskry, gewetens begin bind en so verset wakker roep. 1859 het ons geleer dat nie die sinode nie maar die Woord van God finale en totale gehoorsaamheid vra. 1859 het ons geleer om te waak teen die gevaar van sinodalisme.

Kerkregering is nie kinderspel of 'n onbelangrike saak nie; dit is ook nie slegs 'n saak wat die welwese van die kerk raak nie want dikwels is dit onlosmaaklik met die wese self verbind ([15]).

Natuurlik moet ons weer vandag uiters versigtig wees om nie in 'n ander uiterste nl. individualisme of independentisme te verval nie. Want dan dink elkeen dat alleen hý oor die volle waarheid beskik en vergeet hy die groot betekenis van die gemeenskap van die heiliges en kerkverband.

## 2. *ONS BYDRAE*

Vra ons in die tweede plek na watter bydrae die GKSA die afgelope 125 jaar tot die voortgang van die koninkryk van God in SA gemaak het, dan is dit nie maklik om sekere dinge uit te sonder nie. Daarby moet ons beskeie wees. Hoogmoed was nog nooit 'n Christelike deug nie.

Ek lig twee sake uit wat myns insiens sonder twyfel as 'n positiewe bydrae aangemerk kan word.

### *2.1 Kerk en koninkryk*

Eerstens noem ek die bydrae op die breë terrein van die koninkryk en veral soos dit ontplooi het rondom die ontstaan van die PU vir CHO. Daar is groot klem gelê op die taak van die "kerk-as-organisme" (dws. die kerk-op-Maandag, die kerk in sy funksie van amp-van-die-gelowige), veel meer as op die taak van die "kerk-as-instituut". (Ek gebruik hierdie woorde opsetlik in aanhalingstekens omdat hulle teologies gesien vol probleme is). Die Christelik-nasionale onderwys-

gedagte is breed uitgebou ([16]). Veral is daarop aksent gelê dat die onderwys nie Christelik én nasionaal moet wees nie — die twee mag nie van mekaar losstaan nie — ook nie nasionaal-Christelik nie — die nasionale mag nie die Christelike bepaal nie maar juis andersom —, maar wel Christelik-nasionaal — in hierdie volgorde en met hierdie aksent.

Later het natuurlik heelwat kritiek hierteen na vore gekom en is gevra of hierdie woordverbinding nie tog vir misverstand vatbaar is en inderdaad was nie ([17]). Ook is gevra waarom net aan die Christelik-nasionale *onderwys* soveel aandag bestee is en nie ook aan Christelike-nasionale *politiek* nie.

Tog dink ek dat, selfs deur teenstanders, erken sal word dat die ontstaan en voortbestaan van die PU vir CHO nie alleen 'n teken is van die volharding van 'n groep gelowiges nie maar ook 'n teken is van 'n "gedagte" nl. dat Christus ook in die wêreld van die wetenskap en akademie erken en gedien moet word. Of die PU vir CHO al werklik daarin geslaag het om die idee van "Christelike wetenskap", of "Christianisering van die wetenskap" as u wil, ten volle te realiseer, wil ek graag saam met u betwyfel. Maar dat dit minstens 'n ernstige póging in hierdie rigting is, 'n poging weliswaar met buitengewoon swaar verantwoordelikhede omdat hy nou nie net op sy Afrikaanse karakter ("onbeskaamd Afrikaans") maar veral op sy Christelike karakter ("onvoorwaardelik Christelik") áángespreek kan word, sal seker niemand betwyfel nie. Hierby aansluitend kan ons bydrae tov die Christianisering van ons skole ook eervol vermeld word. Maar tov Christelike politiek, of die Christianisering van die politiek, lê daar nog 'n veld braak so ver as hiervandaan Mars toe. Dit geld ook in 'n sekere sin van die ekonomie, ekologie en demografie.

Hiermee is die goeie werk wat oa die ACB en die blad *Woord en Daad* verrig (het), natuurlik nie vergeet nie. Ek dink ook aan die groot werk wat deur die *Gereformeerde Stigting* tov bejaardeversorging en barmhartigheidsdiens verrig word.

### *2.2 Kerk en ekumene*

Ek noem 'n tweede terrein waarop ons, meen ek, 'n bydrae gemaak het en dit is die ekumene. Dit sou sonder meer oordrewe wees om die GKSA te sien as kerke wat hulle vir isolasie beywer. Die 15 uitgetredenes van 1859 het bv. gehoop en gebid dat "de broederliefde tusschen wederzijdsche gemeenten niet verflauwd, maar steeds meer en meer aangekweekt" mag word en dat hulle mekaar in liefde moet verdra; "God geve dat wij nog eens allen één worden zowel in dienst als in leer" ([18]). Tiperend hiervan is die feit dat binne die eerste twee jaar na die totstandkoming van die GKSA nie minder nie as drie versoeningspogings aangewend is om die breuk met die NHKA te heel ([19]). Vandag is dit egter 'n ope vraag of die "broederliefde" tussen die "wedersydse gemeentes" nie inderdaad "verflou" het en die begeerte na ware eenheid verdwyn het nie.

Die binnelandse ekumeniese gesprek kry egter op die sinode van die GKSA van 1958 nuwe momentum — op voorstel van W. J.

Snyman — toe daar besluit word om oor te gaan tot amptelike samesprekings met die ander twee Afrikaanse kerkegroepe. Daar kan immers nie berus word in die gedeeldheid van kerke nie, ook uitwendige eenheid is eis en opdrag en daar moet getrag word om weer "een kerkverband" te vorm ([20]). Sedertdien het die Tussenkerklike Kommissie gereeld vergader, hoewel daar nog nie veel vrug op die arbeid aangemerk kan word nie. Dat die GKSA in hierdie verband egter besonder sterk inisiatief geneem het, sal nie maklik ontken kan word nie.

'n Tweede voorbeeld van ekumeniese bewoënheid staan ivm die Gereformeerde Ekumenise Sinode (GES). Reeds sedert 1918 is hieraan aandag gegee ([21]) en toe die GES in 1946 vir sy eerste vergadering saamgekom het, was die GKSA saam met die GKN en CRCA, een van die drie "stigterslede" ([22]). Dat die GES op die oomblik in stormagtige waters verkeer, kan geredelik toegegee word, maar dat dit in die verlede 'n belangrike funksie vervul het, ook tov die GKSA en ook in die toekoms nog — miskien in gesuiwerde en volwaardige vorm ([23]) — 'n belangrike funksie kan vervul, sal moeilik weerspreek kan word.

'n Derde voorbeeld van belangstelling vir die eenheid van die kerk blyk uit die ontstaan van die *algemene sinode* van die Gereformeerde Kerke van Suidelike Afrika. In hierdie verband is dit interessant om daarop te let dat die NHKA in geen noue kerkverband staan met die "swart" NHKSA nie terwyl die NGK-familie slegs 'n federale raad daarop nahou. Die GKSA het geoordeel dat al die Gereformeerde kerke (gemeentes) 'n wesentlike eenheid vorm en by geleentheid daarom ook in een kerkvergadering moet saamkom. In die kerk van Christus tel immers nie kleur nie maar belydenis. Ek ag die besluit van die GKSA om in een algemene sinode te vergader as van die belangrikste besluite wat hierdie eeu geneem is. Ek voeg terselfdertyd by dat van die eenheid op plááslike vlak heeltemal te min teregkom.

U sou opgemerk het dat ek nie na die *teologiese bydrae* van die GKSA verwys het nie, nié omdat daar geen bydrae was nie maar vanweë die geringheid daarvan. Wat dít betref, en ek verwys hier veral na dogmatiese gebied, het die NGK ons ver oortref sowel wat kwantiteit as kwaliteit betref ([24]). Ek sê dit tot ons beskaming en met 'n gevoel van dankbaarheid en erkentlikheid teenoor die NGK. Teologies staan ons op bepaalde punte ook nader aan mekaar, al is daar in die jongste tyd Skrifkritiese tendense wat sorg wek.

## 3. *ONS BEDREIGINGE*

Ek het lank daaroor nagedink wat ons grootste bedreiginge vir kerk en teologie in hierdie tyd sou kon wees. Ek noem 'n aantal, paarsgewys, in die hoop dat daarmee die belangrikstes onderken is maar sonder om te meen dat dit die énigste gevare is.

### *3.1 Liberalisme en ortodoksisme*

Onder liberalisme verstaan ons afwykende beskouinge, nie van mý of van die kerkleer nie, maar van die Woord van God. In hierdie verband moet nougeset gewaak word teen die etikettering van mekaar

wat opsigself al 'n groot gevaar is. Op die oomblik sien ek nog niemand by ons wat hom doelbewus van die Woord van God en die reformatoriese belydenis wil losmaak nie.

W. J. Snyman het ook daarop gewys dat die onderskeiding "ware kerk" en "valse kerk" nie absolutisties hanteer moet word nie. Ook die GKSA moet voortdurend waak teen valshede in sy eie boesem ([25])! Plaaslike kerke — in 'n ander kerkverband — kan ook ware kerke wees ([26]). Het Calvyn dit dan nie ook tov Roomse kerke, in elk geval van Roomse gelowiges, gesê nie ([27])?

'n Ander gevaar is natuurlik ortodoksisme ([28]). Dikwels roep die reaksie teen teologiese liberalisme die gevaar van ortodoksisme na vore. Hiermee bedoel ek dat soveel klem op die leer en die dogma gelê word dat die kritiek van die Wóórd vervaag en dat die aktualiteit van die lewe verdwyn. Die periode van die Ortodoksisme word immers gekenmerk deur 'n byna meganistiese en verbale Skrifinspirasie-leer met 'n byna gelykstelling van Skrif en belydenis ([29]). Teologies word dan ook eerder aangesluit by die skoolse — en piëtistiese! — teologie van die na-reformatoriese periode in plaas van by die Reformasie self. U kan gerus maar oplet hoedat talle Gereformeerde teoloë en predikante eerder by die Na-reformasie aansluit as by die Reformasie self ([30]). Ons het bowendien nie eintlik die *Institusie* van Calvyn op Teologiese Skool bestudeer nie. Ons kry gevolglik die eienaardige situasie dat diegene wat eerder by die Reformasie as by die Na-reformasie wil aansluit deur diegene wat eerder by die Na-reformasie wil aansluit, soms byna van teologiese losheid verdink word. Dit hang saam, ironies genoeg, met ons onkunde van die teologie van die Reformasie. Ten opsigte hiervan merk ek egter 'n groot kentering.

Ons moet waak teen die gevare van sowel horisontalisme as vertikalisme.

Ons moet waak teen Swart sowel as Wit Teologie ([31]).

Ons moet waak teen Pentakostalisme sowel as 'n Geeslose en verstarde teologie.

'n Kerkraad kan so ortodoks wees dat daardie kerkraad uit pure ortodoksheid maklik in die slaggat van fundamentalisme val, soos die kerkraad wat besluit het dat "de aarde van nu af aan niet meer zullen draaien" ([32]).

(Daar is al daarop gewys dat die NGK teen die gevaar van teologiese liberalisme in die vorige eeu (tov Skrifleer, Christologie en kerkleer) die wapen van metodisme opgehef het, wat op sy beurt weer in ons eeu met die wapen van Calvinisme vervang is — 'n ontwikkeling wat sekerlik as bemoedigend getipeer kan word. Die vraag bly egter aktueel of alle vrysinnigheid rondom die ekklesiologie uitgesuiwer is, gesien die effek wat die apartheidsteologie nog op die kerkleer uitoefen.)

### *3.2 Tradisionalisme en negativisme*

Hierdie twee bedreiginge loop dikwels hand aan hand. Beide is wesentlik ongereformeerd. Dit is opvallend dat S. du Toit in sy rede tydens die honderdjarige fees van die GKSA te Rustenburg juis op

hierdie twee gevare (asook sektarisme) gewys het ([33]). Eintlik moes die bedreiging van tradisionalisme vir die Gereformeerde kerke kwalik 'n gevaar gewees het. Hulle hele ontstaan hang immers saam met 'n verset teen aanvanklik Roomse maar later ook ander tradisionalismes. Nou is daar egter seker nie die minste beswaar teen 'n korrekte tradisie-gesindheid nie (die Latynse *traditio* beteken immers: oordrag, oorlewering). In 'n sekere sin hang dit saam met die wese van die evangelie dat dit suiwer bewaar en oorgedra moet word. Die probleem ontstaan egter wanneer nie net die evangelie nie maar allerlei menslike bysleepsels en opdrifsels oorgelewer word en daaraan vasgehou word asof dit 'n deel van die evangelie is — iets waarteen die Belydenis juis so skerp waarsku (NGB art 7). Dan hoor ons baie maklik die argument dat iets vir honderd jaar nou al so in gebruik is en waarom moet dit nou skielik verander. Hier word dan nie meer gevra na wat die Woord sê nie maar na wat "gebruiklik" is. Daarmee word die hart van die gereformeerde kerk-wees en reformatoriese erfenis aangetas.

'n Tweede gevaar, wat hiermee saamhang, is die van negativisme. Noudat ek die woord "gevaar" gebruik, laat dit my dink aan die gesprek wat twee Nederlandse teoloë met mekaar gehad het. Hulle het nog kwalik gepraat of die een merk teenoor die ander op: "U bent zeker gereformeerd, want u hebt in korte tijd al driemaal tegen mij gezegd: het gevaar bestaat... ([34])". Hiermee is Gereformeerdes getipeer as mense wat altyd net *gevare* raaksien en nie ook *geleenthede* opmerk nie. Natuurlik het die lewe 'n gevaarkant en dit sou dwaas wees om nie hiervoor oop oë te hê nie. Die mag van die sonde en die Bose is immers baie groot. Maar om nét gevare raak te sien en nie ook die geleenthede wat die Here skenk nie, soms juis in gevaarlike situasies, dít is negativisme. Hiermee hang baie nou saam 'n sekere vrees-mentaliteit. 'n Gereformeerde sou dan iemand wees wat altyd "bang" is vir die baie gevare. Maar laat ons gewaarsku wees. Dit is bv. besonder opvallend dat die man wat nie met sy talente gewoeker het nie, juis kom met die verskoning: "Ek was bevrees..." (Luk 19 : 21).

Laat ek in hierdie verband 'n staaltjie vertel om hierdie argument te verduidelik — staaltjies hoort volgens Gereformeerde opvatting nie in 'n preek tuis nie maar daarbuite wel, in elk geval in die teologie! Dit word vertel dat 'n sekere Jood 'n juwelierswinkel iewers in 'n grootstad besit het. Op 'n dag besluit 'n ander Jood om ook 'n juwelierswinkel daar te open maar... in dieselfde straat. Waarop 'n besoeker aan die eerste winkel opmerk: "U is seker baie jammer dat hier 'n tweede juwelierswinkel in dieselfde straat geopen het? Dit sal immers u klandisie baie verminder?" Waarop die eienaar antwoord: "Nee, ek is baie bly vir die tweede winkel, want weldra sal hierdie straat bekendheid verwerf as 'straat van die juwelierswinkels' waar feitlik alle juweliersware bekombaar is; in plaas van 'n afname verwag ek eerder 'n toeloop!"

'n Negativistiese kerklike instelling is in stryd met die manier waarop die Gees die kerk in nuwe situasies lei. Dit doen skade aan ons geloof.

### *3.3 Sinodalisme en individualisme*

'n Gevaar wat ons — en élke kerk — telkens weer bedreig is die van sinodalisme, dws. dat sinodale besluite eerbiedig moet word net omdat die sinóde so besluit het en nie omdat die Woord van God dit eis nie. In hierdie klimaat word geopereer met 'n argument soos: "Maar die sinode het tog so besluit" en nie met: "Die Skrif eis dit van ons" nie. As ons kyk na die stryd rondom 1859 en die Doppers se verset juis teen sinodalisme, dan staan mens verstom dat hierdie bedreiging so gou weer in ons kerklike lewe kon insluip. Dit was juis Dirk Postma se kritiek teen die kerke van daardie tyd! Daar word nie gevra of iets volgens Gods Woord is nie, het hy gesê, maar as die sinode of ring iets besluit het, dan moet dit gehoorsaam word ([35]).

Ek wil graag so 'n sinodalistiese besluit eksplisiet noem. Die besluit van ons nasionale sinode van 1970 (en herbevestig in 1973, ná 'n beswaarskrif daarteen) dat die interkerklike gesprek tussen die drie Afrikaanse kerkegroepe slégs op sinodale vlak en nie óók op plaaslike vlak mag plaasvind nie, dra myns insiens hierdie kenmerk van sinodalisme. Die mees elementêre eksegese van die woord "kerk" in die NT laat tog sien dat dit ook die plááslike kerk (=gemeente) veronderstel en daarom kan die interkerklike gesprek niks anders wees nie as gesprek óók op plaaslike vlak. By almeer begin hierdie gedagte resoneer ([36]). Vanweë die sondige verskeurdheid en die vorming van aparte kerkgroeperinge is die sinodale gesprek uiteraard óók noodsaaklik en in 'n sekere sin rigtinggewend. Ons keuse lê egter nie tussen òf die sinode òf plaaslike kerk nie, maar by sowél die sinode ás die plaaslike kerk.

'n Tipiese kenmerk van 'n sinodalistiese besluit — hoewel dit nie van die bogenoemde besluit geld nie — is dat daar in baie gevalle geen motivering vir die besluit gegee word nie en ook nie na 'n verantwoorde Bybelse begronding verwys word nie. Ongemotiveerde sinodale besluite is meesal sinodalistiese besluite.

Die gevaar van sinodalisme berg egter in sy midde die gevaar van individualisme (ook independentisme), juis as reaksie teen sinodalisme. Iemand sou maklik sy rug op die sinode kon draai en dan maklik puur op sy eentjie gaan probeer uitmaak wat die waarheid is. Hy vra dan nie of die sinode *volgens Gods Woord* besluit het nie maar in reaksie teen al wat sinode en kerkvergadering is, word alle sinodebesluite gerelativeer. Dan word maklik vergeet dat ons eers "saam met al die heiliges" die volle liefde van Christus kan ken (Efes 3 : 18). Dan word ook die betekenis van die eerste kerklike "sinode" in Hand 15 geïgnoreer. Natuurlik kan daar omstandighede kom dat iemand, puur alleen, soos Luther, sal sê: "God help my Amen" (dit is onseker of hy die woorde: "Hier staan ek, ek kan nie anders nie" ooit gebruik het ([37])). Maar dan staan jy eintlik nie alleen nie, jy staan saam met God, met sy Woord in die hand en gedring deur die Gees van God.

### *3.4 Formalisme en rigorisme*

Formalisme lê die klem op uiterlike vorme ten koste van die inner-

like kwaliteit en wesentlike inhoud en rigorisme dui op 'n strenge toepassing van beginsels.

Formalisme lê klem op uiterlike dinge, soos die voorkoms van 'n kerkgebou, die "ampsgewaad" van die predikant, die kleredrag van lidmate, of 'n brief aan 'n kerkraad en sinode aan alle formele vereistes voldoen. 'n Uiterste voorbeeld hiervan het in 'n sekere gemeente (in 'n ander kerkverband) plaasgevind waar die (sinodale!) reëling was dat alle ouderlinge en diakens in ampsdrag, dws. in swart pakke en met wit dasse, die kerkraadsvergaderinge moet bywoon. Die betrokke vergadering is bygewoon deur (sê maar) 40 van die 50 kerkraadslede, inderdaad 'n stewige kworum. Maar wat was almal se verbasing groot toe die voorsitter die vergadering verdaag met die opmerking dat daar geen kworum teenwoordig is nie en wel omdat net 15 in "ampsdrag" opgedaag het! Hier is die wettige konstituering van 'n kerkvergadering afhanklik gemaak van 'n uitwendige saak soos kleredrag (ampsdrag), wat egter nêrens in die Skrif gebied word nie. Dis pure formalisme.

Rigorisme is 'n ander bedreiging. Dit kan maklik insluip in ons kerkraads-, klassikale en sinodale vergaderinge asook in die wyse waarop 'n predikant of ouderling of diaken sy dienswerk verrig. Dan word daar nie meer tussen sonde en sondaar onderskei nie maar alles soos met 'n stootskraper uit die pad gevee. In so 'n houding vergeet ons dat die waarheid "in liefde" betrag moet word, soos die Skrif sê (Efes 4 : 15). Dan gee ons nie om om 'n sáák te wen maar 'n persóón te verloor nie.

### *3.5 Sekularisme en materialisme*

Hierdie twee bedreiginge hang baie nou saam. Verwêreldliking is vir die kerk alle eeue deur 'n ontsettende gevaar. Dan word die kerk tuis in die wêreld, hy pas hom aan by die "way of life", by die norme van die wêreld, by die manier waarop die samelewing dink en doen. Hierdie verleiding is natuurlik in Suid-Afrika baie groot omdat alles hier, oppervlakkig beskou, so "Christelik" daaraan toegaan. Dan word die gevaar van verwêreldliking nie meer raakgesien en onderken nie en is almal rustig en tevrede en gearriveerd. Dan verburgerlik die godsdiens. Hierdie gevaar kan slegs onderken word as ons naby die Woord van die Here leef en die tydsgees steeds toets aan die eise van die gebooie van God (vgl. Rom. 12 : 2).

Materialisme kan ons ook maklik oorval. Geldgierigheid is immers 'n wortel van alle euwels (1 Tim 6 : 10). Die ekonomiese opbloei in SA, die goedkoop arbeid, die weelde om ons, dit alles kan ons aandag so maklik aftrek van die dinge van die koninkryk. Rykdom as sodanig is nie sonde nie, maar dit bring groot versoekinge en kan maklik tot ondergang lei (Mark 10 : 24). Rykdom *ten koste van* ons naaste is sonde (Luk 16 : 19v). Hier geld die woord: Hoe meer ons het en hoe meer ons besit, hoe meer moet ons gee. Dit is immers saliger om te gee as om te ontvang (Hand 20 : 35).

### *3.6 Minimalisme en moralisme*

Daar bestaan by ons as Gereformeerdes 'n neiging om meer klem op

klein sake te lê as op groot sake, om dikwels van middelmatige dinge beginselkwessies te maak. Wanneer ons dit doen, trek ons die hele lewe skeef.

U kan maar na ons sinodebesluite gaan kyk, Ja, daar word ook aandag bestee aan groot dinge (Kommunisme, volkeverhoudinge ens) maar daar heers tog 'n besondere belangstelling vir die kleiner etiese kwessies (mikro-etiek): onbetaamlike kleredrag, dans, gemengde baaiery, advertensie van vroue-onderklere in winkelvensters, kaartspel, dobbelary, lykverbranding ens. Oor die groot etiese kwessies van ons tyd (makro-etiek) sal ons òf niks òf bitter weinig vind. Ek verwys hier na die oorlogsvraagstuk, veral 'n kernoorlog; die besoedelingsvraagstuk; die bevolkingsontploffing; die armoedevraagstuk; die uitputting van die wêreld se energiebronne. Juis van hiérdie dinge hang die voortbestaan van die mensdom af, menslik gesproke. Mens sou natuurlik die vraag kon stel of hierdie sake wel "kerklike sake" is wat in terme van art 30 Kerkorde op kerkvergaderinge tuishoort. Afgesien daarvan dat die Sinode van 1942 besluit het dat die woorde "geen ander (as kerklike sake)" nie in absolute sin opgevat moet word nie, staan ons voor die skerp vraag of ons in ons sinodebesluite nie gebruik maak van 'n uiters selektiewe moraal waarby ons net 'n aantal etiese kwessies, meesal van die kleinste, uitpik om daaroor te besluit nie. Dit is immers 'n goeie gereformeerde beginsel dat die lig van die Woord — die Woord wat juis aan die kerk, dws die gelowiges, toevertrou is — op álle lewensterreine moet val. Die kerk is daarom by nagenoeg álles betrokke maar dan wel op 'n kérklike, dws Bybelse, wyse. Tereg het Troost dit so geformuleer dat die kerk nie 'n "politieke verantwoordelikheid" besit nie maar wel 'n "kerklike verantwoordelikheid ten opsigte van die politiek" ([38]). Ons wys tereg die benadering van die "Social Gospel" af, maar ons mag geensins terugdeins vir die sosiale implikasies van die evangelie nie ([39]).

Dit val 'n mens ook op dat in die Bybel die dwaling in *leer* en die dwaling in *lewe* baie nou verbind word en soms kwalik onderskei kan word (Jes 32 : 6, 1 Kor 6 : 10, 1 Tess 2 : 11, II Pet 2 : 18).

Ons sal ook daarteen moet waak om ons gereformeerdheid daarvan afhanklik te maak dat ons net teen 'n aantal kleinere misdrywe gekant is. Maak kaartspel of nie-speel iemand bv. meer of minder Gereformeerd? Sonder om die klein jakkalsies mis te kyk, sal ons ook 'n kyk-gevoeligheid vir die groter leeus moet ontwikkel.

## 4. *ONS ROEPING*

Ek stip enkele belangrike sake aan.

### 4.1 *Kerk en erediens*

Ek begin by 'n oënskynlik klein aspek van die kerklike lewe nl. die erediens. Dit raak die lewe van die gemeente na binne. Hoewel 'n kerk natuurlik op sy hoede moet wees vir die gevaar van kerklike introvertisme ([40]), is die erediens en liturgie tog ook baie belangrik. Dit verdien ons besondere aandag, nie net as reaksie op die kritiek van sektes dat die kerk en kerklike eredienste baie "dood" is nie, maar eenvoudig omdat die NT ons self daartoe oproep. As een van

die sinodale deputate wat aan die volgende sinode (van 1985) oor die liturgie moet rapporteer, het ek telkens onder die indruk gekom van hoe 'n ryke variasie aan liturgiese gegewens daar in die NT bestaan en hoe min ons van hierdie veelheid gebruik maak. Sonder om hoegenaamd van die erediens 'n sirkus te maak, kan daar tog in vele opsigte vernuwing kom sodat dit werklik 'n vreugde sal wees om 'n erediens by te woon en daarby betrokke te wees. Die NTe gegewens dui bv. baie sterk in die rigting van groter betrokkenheid van die lidmate self by 'n erediens (vgl 1 Kor 12—14). Die Woord moet sentraal bly maar daar rondomheen moet 'n erediens van diepgang, verryking en vreugde hom voltrek. Ek verwys hier ook na ons kerklied en uiteraard die melodieë wat dit begelei. En kan ons langer volstaan met net vier nagmaalsvieringe per jaar? ([41]).

*4.2 Kerk en sending*

Ek sou nie wou beweer dat sending 'n vierde kenmerk van die ware kerk is nie, maar dat sending 'n onnalaatbare roeping van die ware kerk is, kan in die lig van die NT seker nie ontken word nie ([42]). Dat daar dus nou nog kerkrade is "wat hulle soos een man eenparig teen sending uitgespreek het" ([43]), is nie net onverstaanbaar en ongereformeerd nie maar ook onbybels. Dit is so dat die sendingroeping altyd 'n gevoelige saak in die GKSA was. Dit was trouens die onmiddellike oorsaak van ten minste twee kerkskeuringe (Bethulie 1877 en Humpata 1908). Eers sedert ons pioniersendeling, Hugo du Plessis, hom met oorgawe aan die sendingroeping gewy het, het ons sendingaktiwiteite werklik begin ontplooi. Maar ons taak is by verre na nog nie voltooi nie. Ons sal met nuwe entoesiasme op die sendingterreine moet inbeweeg en die evangelie van die koninkryk met bewoënheid verkondig. Vanselfsprekend sal ons in hierdie verband baie nou met die sg jong kerke moet saamwerk. Ons moet veral nie dink dat Afrika teen die einde van die eeu die Christelikste kontinent (met byna 50% Christene) in die wêreld sal wees en dat ons dus op ons louere kan rus nie. Die ontkerstening, afval en afdwaling neem hand oor hand toe, ook in ons midde, ook onder Afrikaners. Daarom moet die sg evangeliesasie-roeping ook met nuwe ywer aangepak word. Die evangelie moet na álmal uitgaan.

*4.3 Ou kerk en jong kerk*

Ek het reeds daarna verwys dat die verhouding tussen die sg ou en jong kerke op die vlak van kerkvergadering (een algemene sinode) "genormaliseer" is, terwyl daar op gemeentelike vlak nog baie mankemente (sondes!) bestaan. Gereformeerde kerke wat vir mekaar onderling geslote kerke is, is tog eenvoudig onhoudbaar. Dit is nòg Gereformeerd, nòg Bybels, nòg Christelik. Ons sal moet leer dat lidmate oor en weer baie welkom is en dat kanselruil — onder toesig van die kerkraad — 'n normale verskynsel is. Ons kerklike lewe mag nie 'n replika van die politieke situasie wees nie maar moet 'n proeftuin wees van die lewe op die komende nuwe aarde. In hierdie verband sal ons ook fyn moet luister na die stemme wat uit die jong kerke self opgaan ([44]).

*4.5 Kerk en ekumene*

Hier staan ons voor belangrike besluite. Hoe kan die verhouding tussen die drie Afrikaanse kerkegroepe verbeter word? Is dit nie waar dat die "broederliefde" tussen die "wedersydse gemeentes" inderdaad langsamerhand "verflou" het nie? Sal daar nog 'n dag kom dat ons weer "een sal wees in belydenis, kerkregering en liturgie"? Die Tussenkerklike Kommissie het 'n ontsaglike groot taak maar die gesprek op plaaslike vlak is hierin onmisbaar. Hieraan moet weer dringende aandag bestee word.

Ons nasionale sinode van 1979 het besluit dat die ideaal van 'n "volwaardige ekumeniese sinode" nie uit die oog verloor mag word nie. Ons weet almal dat die huidige GES nie aan hierdie vereistes voldoen nie. Dit is nie 'n sinode nie en ook nie meer behoorlik Gereformeerd nie. Wie kerkverband sê, sê klassis, en gevolglik nasionale sinode en dus ekumeniese sinode. Anders tas ons die katolisiteit van die Gereformeerde kerke aan. Ons moet myns insiens dus weer opnuut ywer vir 'n "volwaardige" gereformeerde ekumeniese sinode.

Ons verhouding tot die Wêreldraad van Kerke was min of meer as afgehandel beskou, hoewel daar 'n mening was (op die sinode van 1955 bv.) dat die GKSA ook daar "sy getuienis moet laat hoor". Ons standpunt sal opnuut en skerp onder beligting kom sodra van die sinodes van die jong kerke 'n simpatieke houding teenoor die WRK openbaar. (Die WRK staan immers teenoor hulle simpatiek). Dit sal opnuut weer besinnig — hopelik tussen ou en jong kerke sáám — rondom die ekumene wakker roep.

*4.6 Kerk en samelewing*

In die GKSA het ons die afgelope eeu geopereer met die Kuyperiaanse kerkmodel van kerk-as-organisme en kerk-as-instituut. Hierdie model is seker nie volkome onbruikbaar nie maar beskik tog oor beperkte moontlikhede. Daar is ook aanduidings dat ons al meer wegbeweeg van hierdie model. Ek dink bv. aan die koerswysiging tov die "sustersorganisasie" as 'n organisasie wat 'n eie struktuur lángs die kerke daarop nagehou het, maar wat nou volledig by die kerk ingeskakel is. Ons moet dit nie sien as 'n verkerkliking van die samelewing nie (die gevaar wat die kerk-as-organisme idee juis wou voorkom), maar as 'n uitsuiwering van 'n dualistiese kerkbegrip. Die wyse waarop die JV tans nog gestruktureer word en werk, nl. met 'n eie struktuur langs die kerk maar tog eintlik "binne die kerk", lewer nog 'n bewys van die nagevolge van die Kuyperiaanse dualistiese kerkmodel.

Die groot nadeel van die Kuyper-model is dat die kerk-as-instituut nie *direk* met die samelewing en die samelewingstrukture te doen kry nie maar alleen *indirek* dmv die lidmate wat in die samelewing optree (kerk-as-organisme). Maar hierdeur word te veel vrye spel aan die politiek en ekonomie, kuns en kultuur, ens. gelaat. Nié dat die kerk oor al hierdie lewensterreine moet héérs nie — dis Rooms — maar wel dat die kerk hierdie terreine moet dién met die lig van die Woord. Volgens die Skrif, en ook art 28 van ons Kerkorde, moet die kerke tog by geleentheid die samelewing vanuit die

Skrif kritiseer, nie in die gesindheid van altyd-beter-weet nie, maar omdat die kerk die roeping het om die lig van die evangelie op alle lewensterreine te laat val. Ook aan die kérke is hierdie roeping toevertrou en nie net aan individuele lidmate nie.

Ek sluit af.
Ons erfenis is groot.
Ons bydrae gering.
Ons bedreiginge oneindig.
Ons roeping groots.
Mag die Here ons help!

*Gelewer voor GTV Pretoria 6 Februarie 1984.*

## *VERWYSINGS*


1. So bv Veldkamp, H. zj (3e dr). Zondagskinderen I. Franeker: T. Wever, 265, 267; Van Ruler, A. A. 1973 Theologisch Werk VI. Nijkerk: G. F. Callenbach BV, 85.
2. Die uitdrukking "Christelike kerk" is natuurlik 'n toutologie. "Christelik" is ook 'n latere toevoeging tot die Apostolicum. Vgl. Van Ruler, A. A $1972^4$. Ik Geloof: De Twaalf Artikelen van het Geloof — Nijkerk. G. F. Callenbach, 140v; Pannenberg, W. 1976. De Geloofsbelijdenis. Baarn: Ten Have, 149.
3. So by König, A. $1978^2$. In Inleiding in die Teologie. Pretoria: N. G. Kerkboekhandel, 172. Jonker, W. D. 1974. In Op Weg met die Teologie. Pretoria: N G. Kerkboekhandel, 249; Berkhof, H. 1973. Christelijk Geloof. Nijkerk: G. F. Callenbach BV, 444; vgl. ook sy Geschiedenis der Kerk. Nijkerk: G. F. Callenbach NV, $1955^6$, 189—190; Venter, A J. s. j. Kerk en Belydenis. Potchefstroom: Die Evangelis, 52.
4. Vgl. Wallace, R. S. $1961^2$. Calvin's doctrine of the Christian life. Grand Rapids Michigan: Wm. B. Eerdmans, 39.
5. Adendorff, Ds. M. C. 6 Junie 1983. Die Kerkbode (in 'n brief).
6. H. M. Kuitert — maar waar? Vgl insgelyks A. König in: Inleiding in die Teologie a.w. 172.
7. Institusie IV 2 : 3—4.
8. Institusie IV 1 : 9, 2 : 3.
9. Ek sluit hier aan by Van der Vyver, G. C. P. 1958. Professor Dirk Postma 1818—1890. Potchefstroom. Pro Rege Pers 232—244.
10. Vgl. hier Hanekom, T. N. 1951. Die Liberale Rigting in Suid-Afrika I. Stellenbosch: CSV-Maatskappy; Morrees, A. 1937. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652—1873. Kaapstad: S.A. Bybelvereniging. 881v. Kyk verder Jooste, J. P. 1959. Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859—1959. Potchefstroom; Spoelstra, B. 1963 Die "Doppers" in Suid-Afrika 1760—1899. Kaapstad: Nasionale Boekhandel; Van der Vyver, Dirk Postma a w.
11. Vgl König, A. 21 Sept. 1966. Die Kerkorde, 409.

12. Du Toit, S. 1959. In Eeufees te Rustenburg. Potchefstroom: GKSA, 151.
13. Vgl Nijenhuis, W. 1959. Calvinus Oecumenicus: Calvijn en de eenheid der kerk in het licht van zijn briefwisseling. s'Gravenhage: Martinus Nijhoff, 206, 213, 214, 220.
14. Vgl Van der Vyver, Dirk Postma aw 228—230, 261
15. Vgl hier o a Van der Walt, J. J. 1976. Christus as die Hoof van die Kerk en die presbiteriale kerkregering. Potchefstroom: Pro Rege; Jonker, W. D. 1965. Om die Regering van Christus en sy kerk. Pretoria: Unisa; Durand, J. J. F. 1979. In Meiring, Piet & Lederle, H. I. (red). Die eenheid van die kerk. Kaapstad: Tafelberg, 73—77 (oor kerkverband); Roberts, J H. 1975. In Eybers, I H e a. Teologie en Vernuwing. Pretoria: Unisa, 69 (oor kerkverband as "essensiële" eienskap).
16. Vgl Van der Walt, B J. 1978. Christelik-Nasionaal: Op die Spoor van die Calvinisme in Suid Afrika. Koers, 43(2): 129—153.
17. Vgl my art. Christelik-Nasionaal in Koers 1979, 2(44): 138—143; Van der Walt, B. J. 1981. Anatomy of Reformation Potchefstroom: IAC, 396—435 en sy Christen en Kultuur: gister en vandag. Potchefstroom: Pro Rege, 222—234; Botha, M. E. 1982. Christelik-nasionaal: outentieke, ideologiese of gesekulariseerde nasionalisme? Potchefstroom: IRS; Ntoane, LRL. 1983. A. Cry for Life. An Interpretation of "Calvinism" and Calvin. Kampen: J. H. Kok.
18. Vgl Moorrees, Die Ned. Geref. Kerk in SA. aw 846.
19. Vgl Jooste, Die geskiedenis van die GKSA aw 67v.
20. Vgl Acta GKSA 1958, 78—80. S. J. van der Walt praat in hierdie verband van "patetiek" ivm die verskeurde kerklike situasie: Die Mens of God: Perspektiewe van Moderne Humanisme. S U 1956, 110.
21. Vgl. J. P. Jooste in: Eeufees te Rustenburg aw 38.
22. F. E. O'Brien Geldenhuys is foutief as hy die NGK ook een van die "stigterslede" noem: In die stroomversnellings: Vyftig jaar van die NG Kerk. Kaapstad: Tafelberg, 98.
23. Vgl Acta GKSA 1979, 46 ivm 'n "volwaardige" ekumeniese sinode.
24. Ek dink hier veral aan die dogmatiese geskrifte van W. D. Jonker, J. J. F. Durand, J A. Heyns en A. König. A. B. du Preez meen ook dat op kerkregtelike gebied "heelwat kollegialistiese reste" uitgesuiwer is, Die Kerkorde, 3 Jan 1973, 19.
25. Snyman, W. J. 1977 Nuwe en ou dinge. Potchefstroom: Pro Rege, 63 82—83.
26. Vgl. B. Spoelstra in **In die *Skriflig***, Des. 1983, 36.
27. Vgl. Institusie IV, 2 : 10 en veral 12.
28. Ook S. J. van der Walt waarsku hierteen in: Die Mens of God? aw 100—101.
29. Vgl. Schulze, L. F. 1971. Geloof deur die eeue Pretoria: NG Kerkboekhandel, 232—237.
30. Vgl. Malan, C. J. 1981. Die Nadere Reformasie. Potchefstroom: PU vir CHO.
31. Vgl. Koos van Rooy in **Die Kerkblad**, 26 Okt. 1953, 4.
32. Na bewering 'n besluit van die kerkraad van die Geref. Kerk Dordrecht KP gedurende die vorige eeu. Meegedeel deur proff. B. Spoelstra en L. J. Botha. Ek kon dit nie in die Eeufeesgedenkboek Geref. Kerk Dordrecht 1869—1969 opspoor nie.

33. Vgl. Eeufees te Rustenburg aw 156—157.
34. Aangehaal deur W. D. Jonker in Beeld, 1 Jan. 1984, 4: Rothuizen vertel dat Banning dit aan iemand anders sou gesê het.
35. In De Bazuin van 6 Apr. 1860. Verwysing by S. du Toit in: Eeufees te Rustenburg aw 150.
36. Vgl. bv. P. J. Coetzee in **In die Skriflig**, Junie 1975, 14 en in **Die Kerkblad**, 1 Mei 1968. 11; D. Postma in **Die Kerkblad**, 2 Junie 1976, 9; A. le R. du Plooy in **Die Kerkblad**,, 29 Apr. 1981, 4; Alwyn du Plessis in **Die Kerkblad**, 12 Okt. 1983, 2; J. J. van der Walt in **Die Kerkblad**, 7 Des. 1983. 5; my art in **In die Skriflig**, Des. 1972, 28.
37. Vgl. De Jong, Otto. 1980. Geschiedenis der kerk. Nijkerk: G. F. Callenbach bv. 162. Vir Kierkegaard is die motief van individualiteit en man-alleen-staan besonder belangrik, vgl. Scholtens, W. R. & Delfgaauw (red). 1971[2]. Kierkegaard Dagboeknotities, 32, 51, 189, 227—228.
38. Troost, A. 1967 Kerkelijke verantwoordelikheid voor de politiek. Kampen: J. H. Kok. Vgl. B. Spoelstra in **Die Kerkblad**, 17 Des. 1980, 5.
39. Vgl. Visser't Hooft, W. A. 1928. The background of the Social Gospel.
40. Berkhof, H. 1965[2]. De Leer van de Heilige Geest. Nijkerk: G F. Callenbach, 42.
41. Vgl. Van der Merwe, D. C. S. 1974. Elke Sondag Nagmaal? Potchefstroom: Pro Rege.
42. Vgl. Jonker, W. D. s j. Aandag vir die kerk. Potchefstroom: Die Evangelis, 50.
43. By Van der Walt, Tjaart 1974. God se môre begin vandag: Rol op jou moue Potchefstroom: Pro Rege, 59.
54. Handelinge Geref Kerke Sinode Middellande 1983, 66v.